**21 Desember**

**Skrifgedeelte: Matteus 24:1-14**
**Fokusgedeelte: Matteus 24:14**

## Verkondig die evangelie van die koninkryk oor die hele wêreld aan al die nasies

Christus se wederkoms sal plaasvind sodra die getal van die uitverkorenes, soos God die getal in sy Raadsplan bepaal het en elkeen se naam in sy Lewensboek opgeskryf is, vol is (Art 37 NGB). Die evangelie moet nou verkondig word dat al die uitverkorenes in Christus, uit alle nasies tot sy ryk toegebring kan word.

Sondag 48, wat handel oor die bede om die koms van die koninkryk, leer ons hoe dit gebeur: *"Bewaar u kerk en laat dit groei."* Deur prediking, katkisasie en huisbesoek word alle uitverkorenes wat binne die verbond gebore is en deur die doop in die kerk ingelyf is, vir God se ryk deur sy Gees en Woord *bewaar*. Dit is die verkondiging van die evangelie aan die verbondskinders binne die nasies. Die *groei* aan die ander kant is dat dié wat nie so toegevoeg is nie, maar wat in die kerk hoort na God se Raad, daartoe getrek word. Dit gebeur deur evangelisasie en sending, deur die verkondiging van die evangelie aan die heidene en afgedwaaldes binne die nasies.

Ons weet nie waar al die uitverkorenes van die Here hulle nog bevind nie. Daar is nog van hulle onder ateïste, Jode, Moslems, waar ook al. Maar ons weet dat Romeine 10:17 leer: "*Die geloof is dus uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God.*" Die verkondiging van die Woord, waardeur die Heilige Gees werk, is dus die middel om die getal van die uitverkorenes vol te maak, sodat die wederkoms kan plaasvind. 'n Kerk wat dus die "*bewaring van die kerk*", deur getroue arbeid van geroepe diensknegte en die funksionering van die amp van die gelowige nalaat, of slordig daarmee omgaan, en wat die "*vermeerdering van die kerk*" deur gebrek aan evangelisasie en sending nalaat, se verwagting en verlange na die wederkoms is afwesig.

Uit liefde vir die komende Bruidegom, Jesus Christus, moet hierdie evangelie van die koninkryk in die hele wêreld tot getuienis vir al die nasies verkondig word. Ons as gelowiges, wat elkeen in die amp van profeet geroep is en Sondag na Sondag in die prediking vanuit die Woord toegerus word, moet die Woord uitdra aan elkeen wat op ons pad kom.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1-3*

*Ds. CJJ (Jaco) Putter (Potgietersrus)*